SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2014

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNT: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE-VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit die bronne<br>• Selekteer en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **50% (25)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking | **20% (10)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde-vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. OPSTELTIPE-VRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die opsteltipe-vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt (*bullet*) in die nasienriglyne, vir elke hoofmoment (aangedui met ŉ kolpunt), ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt), bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ___ |
| • Irrelevante stelling | \| |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A** √ |
| • Interpretasie | **I** √ |

2.5 **Die Matriks**

2.5.1 Gebruik die analitiese matriks in die nasien van die opstel

Die gebruik van ŉ analitiese matriks vir die assessering van opsteltipe vrae (verwys na bladsy 5). By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 30 – 33 |
| A | VLAK 5 | |

# NASIENMATRIKS VIR OPSTELTIPE-VRAE: DIE MATRIKS – 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE

## VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

**SLEUTELVRAAG: WATTER INVLOED HET DIE ANC-JEUGLIGA OP SWART NASIONALISME GEHAD?**

1.1 1.1.1 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Onderwysers
- Intellektueles
- Predikante
- Ouer garde (4 x 1) (4)

1.1.2 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Demonstrasies
- Rekonsiliasie (2 x 1) (2)

1.1.3 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Progressief (1 x 1) (1)

1.1.4 *[V3 – Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel]*

**BRUIKBAAR**
- Primêre bron
- Verwys na die ANC as ŉ gematigde organisasie wat as gevolg van die invloed van die ANC-jeugliga verander het.
- Wys dat die ANC aanvanklik slegs ŉ organisasie van die elite was.
- Die Thambo's en Mandelas het verandering in die ideologie van die ANC veroorsaak.
- Wys dat die ANC-jeugliga die gematigde beleid na ŉ meer progressiewe beleid verander het.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-BRUIKBAAR**
- Tloome stel dit nie duidelik hoe die ANC-jeugliga die ANC se benadering verander het om vryheid te verwerf nie.
- Hy meld ook nie die metodes wat die ANC-jeugliga gaan gebruik om teen die apartheidsregering te betoog nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[V1 – Definieer historiese begrippe]*

- ŉ Ideologie wat swartmense verenig in hul stryd teen koloniale en rassistiese onderdrukking in Afrika om sodoende vryheid en onafhanklikheid te verkry.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

1.2.2 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Dit het alle rasse ingesluit – onderdrukte mense.
- Geglo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon.
- Alle rasse moet deel wees van die bevrydingsstryd om apartheid omver te werp.
- Alle rasse in Suid Afrika moet saamwerk tot nie-rassisme.
- Geglo dat alle mense moet gelyke regte hê.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- ʼn Verenigde mag om wit onderdrukking omver te werp.

(1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[V1 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Wet op Afsonderlike Geriewe (1 x 2) (2)

1.3.2 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Vrywilliges het met opset apartheidswette verbreek.
- ʼn Nie-geweldadige metode van verset – gearresteer te word om tronke oorvol te maak.
- "Slegs blanke" fasiliteite betree en hul passe uitgebrand.
- Regsbank sou nie die volume kon hanteer nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Die geskrewe bron doen ʼn oproep om aksie teen die apartheidsregering.
- Visuele bron wys aksie geneem teen apartheidswette.
- Nie geglo in demonstrasies en rekonsiliasie nie en die visuele bron wys die aksie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Die ANC lidmaatskap het tot oor die 100 000 gegroei.
- Bewys dat Afrikane kan saamstaan en ʼn verskil maak.
- Afrikane het vir die eerste keer bemagtig gevoel, omdat hulle aan politieke verset deelneem.
- Die wêreld was ingelig oor die onderdrukkende stelsel in Suid-Afrika.
- Nuwe manier van verset was goed ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Swartes
- Liberale blankes
- Kleurlinge
- Indiërs (Enige 3 x 1) (3)

1.4.2 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Die Vryheidshandves op te stel.
- Om Suid-Afrika op die pad na demokrasie te lei.

(Enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[V1 – Definieer historiese begrippe]*

- Bloudruk vir ’n grondwet.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

1.4.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Alliansielede in hegtenis geneem.
- Gekant teen die Kongres Alliansie.
- Aangekla van hoogverraad.
- Beskou die Vryheidshandves as ’n kommunistiese dokument.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[V3 – Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bron]*

Kandidate behoort die volgende in hul antwoord in te sluit.

- Jonger generasie het die ouer lede van die ANC gekritiseer
- ANC-jeugliga bevorder ʼn militante nasionalisme.
- Afrikane moet trots en selfvertroue ontwikkel.
- Beklemtoon selfonderhoudendheid en selfbeskikking.
- Afrikane moet opstaan en veg vir hul regte.
- Sommige het in eksklusiewe nasionalisme geglo.
- Besef die noodsaaklikheid om alle onderdruktes in te sluit
- Gebruik stakings, boikotte, wegbly-aksies en burgerlike ongehoorsaamheid.
- Program van Aksie teen apartheid in 1949 aangeneem.
- Versetveldtog
- Charteriste – stel Vryheidshandves op
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip oor hoe die ANC-jeugliga Swart nasionalisme beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van die invloed van die ANC-jeugliga op Swart nasionalisme.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie eenvoudige manier. | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ʼn deeglike begrip van die invloed wat die ANC-jeugliga op Swart nasionalisme gehad het.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5 – 6** |

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

**SLEUTELVRAAG: HOE HET DIE VERDELING VAN PALESTINA SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE VERSKERP?**

2.1 2.1.1 *[V1 -– Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Terreurtaktieke
- Britse militêre basisse aangeval
- Britse polisiestasies, treinspore en brûe aangeval
- Die Britse hoofkwartier opgeblaas (King David hotel) (4 x 1) (4)

2.1.2 *[V1 – Definieer historiese begrippe]*

- Iemand wat aan ŉ Joodse nasionaliste en politieke beweging behoort.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Verenigde Nasies (1 x 2) (2)

2.1.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron*]

- Hulle is ekstremistiese Arabiese groepe wie geweier het om die staat Israel te erken.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.1.5 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron*]

- Dit wys die Arabiese lande se weiering om die staat Israel te erken.
- Dit wys Arabiese lande gereed is om Israel aan te val.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 3) (3)

2.1.6 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Israel (1 x 2) (2)

2.1.7 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron*]

- Op 15 Mei 1948 het Egipte, Saoedi-Arabië, Transjordanië, Sirië, Libanon en Irak hulle by die Palestyne aangesluit in hul geveg teen Israel.
- Die Eerste Arabiese-Israeli oorlog het uitgebreek.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.8 *[V3 – Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel]*

**BRUIKBAAR**
- Dit wys dat Palestina verdeel tussen die Arabiere en die Jode was.
- Arabiere was teen die stigting van die staat Israel gekant.
- Arabiere verklaar oorlog teen Israel om hul land terug te gee.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-BRUIKBAAR**
- Wys ʼn bevooroordeelde siening van die Arabiese-Israeli konflik.
- Toon dat die Arabiere die oorhand in die konflik het.
- Gee nie ʼn ware weergawe van die Arabiese-Israeli konflik nie.
- Dit wys dat Israel gedurende die Arabiese-Israeli konflik verslaan is.
- In werklikheid het Israel die Arabiere-Liga verslaan.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Hulle het Palestina binnegeval en Jerusalem verower.
- Jerusalem is van groot godsdienstige betekenis vir Moslems.
- Dit was deur Brittanje aan hulle beloof.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Palestina was ʼn integrale deel van die Arabiese wêreld.
- Die inheemse bevolking in Palestina was altyd teen die totstandkoming van ʼn Joodse staat in hulle land gekant.
- Die VN was deur die VSA en Europa beheer en geen reg gehad om die gebied aan die Sioniste te gee nie.
- Die Weste het hul gewete gesalf oor die massamoorde van die Jode tot nadeel van die Arabiere. . (Enige 3 x 1) (3)

2.2.3 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Anti-Semitisme was oral te vinde in Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog.
- Jode het vervolging en by tye massamoorde ondervind.
- Miljoene Jode was tydens die Holocaust vermoor.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- VSA
- Europa (Enige 1 x 1) (1)

2.3 2.3.1 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Jode veg vir hul onafhanklikheid.
- Jode veg vir hul voortbestaan.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[V2 – Verduideliking van historiese begrippe]*

- Massa-uitsetting of die vermoording van lede van ŉ ongewenste etniese of godsdienstige groep in die samelewing.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

2.3.3 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

(a)
- Jode: Die Arabiese lande het verenig met die Arabiese-Palestyne om Israel aan te val.
- Jode moes veg vir hul staat Israel.
- Israel veg vir sy onafhanklikheid. (Enige 2 x 2) (4)

(b)
- Arabiere: Uitwissing van die staat Israel.
- Die Jode het die oorlog beplan om die Arabiese-Palestyne uit te wis (etniese uitwissing).
- Arabiese dorpe aangeval en verwoes. (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[V1 – Onttrekking van bewys uit bron]*

- Brittanje (1 x 1) (1)

2.3.5 *[V3 – Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel]*

**REGVERDIG**
- Brittanje het Palestina aan die Arabiere gedurende die Eerste Wêreldoorlog belowe.
- Brittanje het Joodse immigrasie na Palestina ondersteun.
- Brittanje het ook die Jode ŉ nasionale tuiste in Palestina belowe.

**NIE-GEREGVERDIG**
- Brittanje wou ŉ vreedsame oplossing vir die Midde-Oosterse krisis hê.
- Brittanje was ten gunste van vreedsame samesyn.
- Die Verenigde Nasies het Palestina verdeel, nie Brittanje nie.

(Enige 1 x 2) (2)

2.4 *[V3 – Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in te sluit in hul antwoorde.

- Lei tot konflik tussen die Jode en Arabiese Palestyne.
- Lei tot die totstandkoming van die staat Israel.
- Lei tot die Eerste Arabiese-Israeli Oorlog.
- Arabiese-Palestyne kry steun vanaf ander Arabiese lande en vorm die Arabiese-Liga.
- Israel kry ondersteuning vanaf die Sowjetunie ondersteunde Tsjegge-Slowakye, Frankryk en privaat VS borge en verslaan sodoende die Arabiese-Liga.
- Arabiese-Palestyne vlug na veiligheid – word vlugtelinge.
- Vlugtelingkampe in haglike toestand.
- Die lyding van hierdie vlugtelinge lei tot verhoogde Arabiese nasionalisme.
- Konflik duur voort tussen die Arabiere en Jode.
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die rubriek om ŉ punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip oor die gevolge van die verdeling van Palestina.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor die gevolge van die verdeling van Palestina.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ eenvoudige manier. | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor die gevolge van die verdeling van Palestina.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5 – 6** |

**[50]**

**VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's TOT 1960's**

**SLEUTELVRAAG: HOE WAS APARTHEID IN SUID-AFRIKA GEÏMPLEMENTEER?**

3.1 3.1.1 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- H.F. Verwoerd (1 x 1) (1)

3.1.2 *[V1 – Definieer historiese begrippe]*

- Rasse-segregasie/Diskriminasie
- Politieke, sosiale en ekonomiese skeiding van mense
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Deur nie aan Afrikane kinders sekere vakke te bied waarby hulle voordeel sou uit kry nie.
- Geen gelykheid onder rasse toegelaat nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Berei swartes vir ongeskoolde werk voor.
- Geen witboordjie werke vir swartes.
- Om swartes in 'n onderdanige posisie te hou.
- Om 'n nie-kompeterende en goedkoop arbeidsmag te voorsien.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[V3 – Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel]*

**BETROUBAAR**
- Primêre bron
- Die toespraak van Verwoerd kan met ander bronne gestaaf word.
- Dit wys die intensies van die apartheidsregering wat ten gunste van aparte ontwikkeling vir die verskillende rasse in Suid-Afrika was.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-BETROUBAAR**
- Die toespraak was oorspronklik in Afrikaans gelewer.
- Die vertaling mag dalk nie 'n akkurate boodskap oordra nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.6 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Onderrig en lei mense op volgens hulle geleenthede in die lewe.
- Om sy eie gemeenskap in alle aspekte te dien.
- Opvoeding moet hul oorsprong in Naturelle gebiede het
  . (3 x 1) (3)

3.1.7 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Swartes (1 x 1) (1)

3.1.8 *[V1 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- Blankes (1 x 1) (1)

3.1.9 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

(a)
- Blankes het beter fasiliteite en beter opvoeding.
- Blanke kinders se standaard van opvoeding was hoër.
- Hul slaagsyfer was hoër.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

(b)
- Minderwaardige opvoeding en swak fasiliteite.
- Lae standaard van opvoeding
- Vroeër skoolverlating
- Lae slaagsyfer
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[V1 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Wet op Afsonderlike Geriewe (1 x 2) (2)

3.2.2 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Bantoe Onderwyswet het in sy doelwit geslaag.
- Verneder swartes.
- A.g.v. haar rasse-klassifikasie mag sy nie langs die meisie sit nie.
- Somtyds was dit prakties onmoontlik om die wet te implementeer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[V1 – Eenvoudige, direkte interpretasie van bewyse uit bron]*

- Toegang tot geboue
- Hospitale
- Restaurante
- Sportfasiliteite
- Openbare vervoer
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 3 x 1) (3)

3.2.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Versetveltog
- "Slegs blanke ingange" betree. (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Gearresteer
- Geslaan
- Beboet
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[V1 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Bevolkingsregistrasiewet (1 x 2) (2)

3.3.2 *[V2 – Onttrekking van bewyse uit bron]*

- "Potloodtoets" (1 x 1) (1)

3.3.3 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Die reg tot opvoeding ontsê.
- Die reg tot 'n ordentlike familielewe.
- Die reg om te werk.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 *[V2 – Interpretasie van bewyse uit bron]*

- Haar kinderjare was geruïneer, en sy sal dit nooit weer terug kry nie.
- Haar toekoms was verwoes.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.4 *[V3 – Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in te sluit in hul antwoorde.

- Verneder tot tweedeklas burgers
- Het geen politieke regte gehad
- Ongelyke behandeling
- Kon nie sekere fasiliteite gebruik nie
- Gedwing om passe te dra
- Verkeerde klassifikasies van mense lei tot die opbreek van families
- Sommige het hul werk verloor
- Opgelei om ongeskoolde werk te doen
- Van hul basiese menseregte ontneem
- Nie as burgers van Suid-Afrika erken nie
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van die impak van apartheid op die lewens van swart Suid-Afrikaners.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor die impak van apartheid op die lewens van swart Suid-Afrikaners.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie eenvoudige manier. | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor die impak van apartheid op die lewens van swart Suid-Afrikaners.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5 – 6** |

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELTIPE VRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER NASIONALISME

4.1 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die redes vir die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme vanaf 1930 tot 1948.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kandidate kan fokus op die redes vir die ontwaking van Afrikaner-nasionalisme.

UITBREIDING
- Konstitusionele onafhanklikheid van Brittanje – maar nog steeds deel van die Britse Gemenebes van Nasies.
- Erkenning van Afrikaans en die vlagkwessie – in 1924 het Hertzog, leier van die NP, eerste minister geword wat ŉ groot voorstaander van Afrikaner nasionalisme was.
- Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid – verkry met die Balfour-verklaring tydens die Rykskongres in 1926.
- Rol van die "volk" – die belange van die Afrikaner volk word bevorder – het gefokus op volksgeskiedenis.
- Eeufees – Afrikaner-nasionalisme versterk en tot die ontstaan van die Ossewabrandwag gelei.
- Tweede Wêreldoorlog – Suid-Afrika neem deel aan die kant van Brittanje – lei tot skeuring met Afrikaners nasionaliste wat dit nie steun nie – geweld is gebruik om SA se deelname te verhoed.
- 1948 verkiesings – Afrikaner-nasionaliste doen ŉ beroep op Afrikaners om vir die NP te stem – vir apartheid.
- Enige ander relevante antwoorde.

SAMEVATTING: Kandidate moet hul opstel met ŉ relevante samevatting afsluit. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

**OF**

4.2 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die sosiale, kulturele en ekonomiese programme wat die gees van Afrikaner-nasionalisme aangewakker het.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kandidate moet die verklaring evalueer en hul rigting van hul argument aandui.

UITBREIDING
- Rol van Hertzog se Pakt regering (soewereine onafhanklikheid vanaf Brittanje, Afrikaanse taalkwessie, ens.)
- Konsolidasie van konstitusionele kwessies soos die vlagkwessie en die Balfour-verklaring.
- Rol van die Broederbond/FAK wat vir die beskerming en ontwikkeling van die Afrikaanse taal, kultuur en finansies beywer.
- Eeufees van die Groot Trek lei tot die herlewing van Afrikaner nasionalisme.
- Ontstaan en impak van die Ossewabrandwag en Nuwe Orde.
- Die 'Volk', 'n verkose nasie het die hoeksteen van Afrikaner Nasionalisme geword.
- Nasionale Pers – publiseer Afrikaner nasionalistiese koerante – *Die Burger*.
- Stigting van SANTAM en SANLAM.
- Volkskas Bank
- Volkskongres gehou vir die bevordering en groei van Afrikaner besighede.
- Die impak en rol van die Tweede Wêreldoorlog – konsolidasie van Afrikaner nasionalisme.
- Voorbereiding vir die 1948 verkiesing en die gevolge daarvan.
- Enige ander relevante antwoord

SAMEVATTING: Kandidate moet hul antwoord met 'n relevante samevatting afsluit. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

## VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

5.1 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet die rol wat Kwame Nkrumah in Ghana se stryd om onafhanklikheid gespeel het, bespreek.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kan fokus op die Goue Kus as ŉ Britse kolonie en die rol wat Kwame Nkrumah gespeel het om onafhanklikheid vir Ghana te verkry.

UITBREIDING
- Kwame Nkrumah genooi om sekretaris van die UGCC in 1945 te word.
- UGCC word ŉ dinamiese politieke beweging.
- 1948 – boikotte en stakings.
- Geweld, oproerigheid in Februarie 1948.
- Nkrumah los die UGCC in 1948 en vorm ŉ meer radikale nasionalistiese party, die Convention People’s Party (CPA) wie se doelwit “selfregering nou” was.
- Die CPA het ŉ massa volgelinge opgebou.
- Brittanje se voorstel vir ŉ nuwe grondwet is in 1951 verwerp.
- Nkrumah was gearresteer en na sy vrylating vorm hy ŉ nuwe regering.
- Volgehoue protesaksies totdat die onafhanklikheidsdatum uiteindelik vir Maart 1957 vasgelê was.
- Enige ander relevante antwoord

SAMEVATTING: Die Goue Kus word onafhanklik op 6 Maart 1957 en word as Ghana bekend. Nkrumah word die eerste president. Enige ander relevante samevatting. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

**OF**

5.2 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet ŉ begrip toon vir die konsep en agtergrond van die Pan-Afrikanistiese Beweging in die Amerikas; die impak wat dit op Nkrumah en die verwesenliking van onafhanklikheid gehad het.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Kan Pan-Afrikanisme omskryf en agtergrond gee. Afrikane nasionaliste het vir politieke en ekonomiese onafhanklikheid vanaf die koloniale moondhede in Ghana gestreef.

UITBREIDING
- Rol gespeel deur W.E.B. du Bois, Marcus Garvey en George Padmore.
- Afrikane nasionalisme is beïnvloed deur die idees wat sy oorsprong in diaspora het, veral t.o.v. gemeenskaplike afkoms, identiteit en kultuur.
- Ook geglo in ŉ ekonomiese selfonderhoud en die gebruik van sosialistiese idees en werkersaksies was aangemoedig.
- Afrikane nasionalisme het ook die Pan-Afrikaniste Beweging beïnvloed omdat hulle meer vol selfvertroue en militant was.
- Na die konferensie in Manchester het die Pan-Afrikaniste egter meer militant geword.
- In Ghana het Afrikane nasionalisme baie sterk na vore gekom a.g.v. die uitgesproke en sterk middelklas.
- Die Westerse konsepte van demokrasie en selfregering was in Ghana sterk aangemoedig.
- Nkrumah ŉ sterk en selfversekerde leier het mense beïnvloed deur sy skrywes en dinamiese toesprake.
- Hy het aangedring op selfregering en was ŉ voorstander vir ŉ Verenigde State van Afrika.
- Aksies deur die werkers, vakbonde en die intellektueles het almal bygedra tot die groei van Afrikane nasionalisme wat uiteindelik tot onafhanklikheid gelei het.
- Enige ander relevante antwoord.

SAMEVATTING: Ghana was die eerste Afrika land wat onafhanklikheid verwerf het. Enige ander relevante samevatting. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA –1940 tot 1960's**

6.1 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet die verskillende vorme van nie-gewelddadige weerstand in die 1950's verken en uitbrei tot watter mate dit tot die beëindiging van apartheid bygedra het.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Toe die apartheidswette geproklameer was, was daar opposisie daarteen. Protesaksies in die 1950's was hoofsaaklik op 'n niegewelddadige manier gebaseer, het alle rasse ingesluit en het beide die plattelandse sowel as die stedelike gebiede ingesluit. Dit was suksesvol om die mense bewus te maak van die diskriminerende aard van apartheid, maar kon nie daarin slaag om die apartheidsregering tot 'n val te bring nie of enige ander relevante inleiding.

UITBREIDING

- ANC se Program van Aksie
- Meidag-staking
- Versetveldtog
- Kongres Alliansie (Kliptown)
- Vryheidshandves
- Vroue-opmars na Pretoria
- Hoogverraad verhoor

SAMEVATTING: Die protesteerders kon nie daarin slaag om apartheid te beëindig nie en hierna besluit hulle om meer militante metodes te gebruik. Deur die protes-aksies van die 1950's het mense hul solidariteit getoon teen die onderdrukking en op 'n nasionale basis hulself georganiseer en toegewy tot die verkryging van 'n nie-rassige demokratiese toekoms wat was in die Vryheidshandves uiteengesit. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

**OF**

6.2 *[Herroep, interpretasie en begrip van historiese kennis]*

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die protes-aksies wreed deur die apartheidsregering onderdruk was, wat veroorsaak het dat die weerstandsbeweging hul taktiek van protes verander het.

HOOFASPEKTE

INLEIDING: Die weerstandsbeweging het meer aggressiewe en gewelddadige protesaksies in die 1960's geloods om die apartheidsregering op sy knieë te dwing.

UITBREIDING
- Skeuring in die ANC
- Lei tot die uitstaan van die PAC
- Maart 1960 – die ANC en PAC organiseer 'n anti-pas veldtog.
- Beplan om passe te brand en gearresteer te word.
- Opstande in menige swart woonbuurte
- 21 Maart 1960 – 69 protesteerders geskiet in Sharpeville
- Regering verklaar noodtoestand
- ANC en PAC word verban
- Duisende in ballingskap
- ANC en PAC lede word vlugtelinge
- Gewapende stryd begin
- ANC vorm MK (Spies van die Volk)
- PAC vorm POQO
- Die regering implementeer strawwer maatreëls om die opposisie te onderdruk.
- Polisie-klopjag op MK hoofkwartier in Rivonia uitgevoer
- Rivonia verhoor van MK leiers (bv. Mandela)
- Lewenslange tronkstraf

SAMEVATTING: Die regering se poging om die weerstand teen apartheid te onderdruk blyk om suksesvol te wees, maar weerstand teen apartheid het nie opgehou nie.
Enige ander relevante samevatting. **[50]**

**Gebruik die matriks op bladsy 5 om hierdie opstel te assesseer.**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou 